NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# FEBRUARIE 2024

## 'N ERNSTIGE GEBED.

""Kom, prys die Here julle God! Hy is van ewigheid tot ewigheid." Toe het hulle u magtige Naam geprys, verhewe bo alle lof en roem."
(Nehemia 9:5)

Na 'n lang tyd wat die volk ver van die Here af gelewe het, reël Nehemia en Esra 'n groot fees tot eer van die Here, waar hulle weer herinner word aan die verbond wat God met hulle gesluit het – en wat hulle skreielik verwaarloos het. Daar het die volk hulle soos een man verootmoedig en belydenis gedoen van hulle sonde. Hulle het alles afgesweer wat teen die wil van God is, en so nuut begin saam met die Here.

Dis op dié punt wat die Leviete (priesters) toe opstaan en hierdie magtige loflied tot eer van die Here insit. Die hele volk loof toe saam die Here en dank Hom vir sy groot genade.

Hierdie drie dinge gaan natuurlik ten nouste saam: sondebelydenis, hertoewyding en gehoorsaamheid en dan vreugde in die Here. Jy kan hulle nie eintlik los maak van mekaar nie. En tog kan jy nie help om te wonder waarom 'n mens so min van hierdie lof in ons lewe en ons woorde kan sien en hoor nie.

Ons lewe moet mos eintlik 'n simfonie van lof wees, maar ons ploeter maar moeisaam voort. Van geestelike groei is daar min sprake, en gevolglik ontbreek die vreugde waarvan ons hier lees, ook maar grootliks. Dis dalk omdat dit ook vir ons tyd is vir 'n nuwe begin saam met die Here! Gee jouself opnuut aan Hom, kies onvoorwaardelike gehoorsaamheid, en begin in hierdie jaar die vreugde ervaar wat ons uniek maak.